# OGGEND-BYBELSTUDIE
# "GEBED"
## STUDIESTUK 2

**<u>Enkele vooraf opmerkings</u>:**

- *Dit is nie moontlik om in een sin te sê wat gebed is nie.*
- *Gebed bevestig die Hand van die Een wat die wêreld beweeg . . . .*
- *Gebed is een van die belangrikste Christelike aktiwiteite wat daar is . . . .*
- *Die Here Jesus is self die waarborg vir gebede wat in Sy Naam gebid word.*

**<u>VIR NADENKE EN GESPREK</u>:**

**Lees:** Matteus 6:5-8

Hou in gedagte:

- In Matteus 6:5-8 gaan dit oor:

**Binnekamergebede**

- Elke Christen móét 'n persoonlike gebedsverhouding met die Here Jesus Christus handhaaf.
- Sorg daarvoor dat daar tye en plekke is waar jý gereeld alleen met die Here praat.
- **Die persoonlike (binnekamergebed) IS 'n verborge geestelike kragbron in jou lewe.**

- Wat leer Jesus ons in Matteus  6:5?

- Wat is die betekenis van Matteus 6:6 in jóú lewe?

- Wat wil Jesus in Matteus 6:7 en 8 vir ons leer?